HOOFSTUK 13

Ongevalle en Beroepsiektes

A. OORSIG

1. ONGEVALLE

(Volgens die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en – Siektes, 1993)

1.1 WAT IS 'n ONGEVAL ?

Dit is 'n insident waarvan 'n datum, tyd en plek bepaalbaar is wat uit 'n werknemer se diens onstaan en in die loop daarvan plaasvind en wat 'n persoonlike besering tot gevolg het.

1.2 WATTER ONGEVALLE MOET AANGEMELD WORD ?

1.2.1 Alle ongevalle, of beweerde ongevalle, wat geneeskundige uitgawes en afwesigheid van diens van meer as **drie** dae tot gevolg het, moet binne **sewe** dae op die voorgeskrywe wyse gerapporteer word.

1.2.2 Die versuim om 'n ongeval of beweerde ongeval te rapporteer is 'n kriminele oortreding. Die Kommissaris kan ook 'n boete teen die werkgewer hef wat die volle bedrag van die eis kan beloop.

2. BEROEPSIEKTES

2.1 WAT IS 'n BEROEPSIEKTE ?

Dit is 'n siekte wat uit „n werknemer se diens ontstaan en in die loop daarvan opgedoen word en in Bylae 3 van die Wet genoem word.

B. RAPPORTERING VAN ’n GEVAL

1. Vul “DEEL A” bladsy 1 van die vorm W.CI.2 “Werkgewer se Verslag oor ’n Ongeval” volledig in, onderteken en dateer waar aangedui.

2. Skeur “DEEL B” by die perforasie af en besorg dit sonder versuim aan die betrokke geneesheer of hospitaal. In minder ernstige gevalle moet die “DEEL B” deur die werknemer saamgeneem word.

3. Vul DEEL A” bladsy 2 van die vorm volledig in.

4. Stuur die voltooide vorm W.CI.2 “DEEL A” bladsy 1 en 2 sonder versuim aan:

Die Vergoedingskommissaris
Posbus 955
Pretoria
0001

Tel: (012) 319 9111 (skakelbord)
(012) 319 9345 (Frans of Jakobus)
Faks: (012) 323 8627

LET WEL: *Die werkgewer is verantwoordelik vir betaling van vergoeding vir dier eerste drie maande vanaf datum van ongeval. Verwys na wyse van berekening van vergoeding. Die vergoeding deur die werkgewer betaal sal deur die Kommissaris terugbetaal word.*

c. AANMELDING VAN ’n BEROEPSIEKTE

1. ’n Werkgewer moet binne 14 dae nadat hy kennis ontvang het van ’n beweerde beroepsiekte, ’n “Werkgewer se Verslag oor ’n Beroepsiekte”, W.CI.1 voltooi en aan die Vergoedingskommissaris, Posbus 955, Pretoria, 001. Stuur.
2. Die aanvang van die siekte sal die datum wees waarop ’n geneesheer die siekte vir die eerste keer gediagnoseer het.

Prosedure moet voldoen aan die vereistes van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en – siektes (Wet 130 van 1993). Vir verdere navrae skakel die sinodale kantoor.

B. VORMS

Die volgende vorms kan van die Staat se Webwerf afgelaai word (www.gov.org.za)

1. EMPLOYER"S REPORT OF AN ACCIDENT (W.CI.2)
2. COMPENSATION FOR OCCUPATIONAL INJURIES AND DISEASES